

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aanstreek van die kerse

## Woorddiens

### Skriflesing: Markus 3:20-35 (1953)

<sup>20</sup> EN hulle het in 'n huis gegaan, en 'n skare het weer saamgekom, sodat hulle selfs nie brood kon eet nie.

<sup>21</sup> Toe sy mense dit hoor, gaan hulle uit om Hom in die hande te kry; want hulle het gesê: Hy is buite sy sinne.

<sup>22</sup> En die skrifgeleerdes wat van Jerusalem af gekom het, het gesê: Hy het Beëlsebul! en: Deur die owerste van die duiwels dryf Hy die duiwels uit.

<sup>23</sup> En Hy het hulle na Hom geroep en vir hulle deur gelykenisse gesê: Hoe kan die Satan die Satan uitdryf?

<sup>24</sup> En as 'n koninkryk teen homself verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie;

<sup>25</sup> en as 'n huis teen homself verdeeld is, kan daardie huis nie bly staan nie;

<sup>26</sup> en as die Satan teen homself opstaan en verdeeld is, kan hy nie bly staan nie, maar hy kom tot 'n einde.

<sup>27</sup> Niemand kan in die huis van 'n sterk man ingaan en sy goed roof as hy nie eers die sterk man boei nie; en dan sal hy sy huis berowe.

<sup>28</sup> Voorwaar Ek sê vir julle, al die sondes sal die mensekinders vergewe word en al die lasteringe wat hulle mag uitgespreek het;

<sup>29</sup> maar wie teen die Heilige Gees gelaster het, het geen vergifnis tot in ewigheid nie, maar is skuldig aan die ewige oordeel —

<sup>30</sup> omdat hulle gesê het: Hy het 'n onreine gees.

<sup>31</sup> SY broers en sy moeder het toe gekom, en terwyl hulle buite staan, stuur hulle na Hom om Hom te roep.

<sup>32</sup> En 'n skare het rondom Hom gesit Hulle sê toe vir Hom: U moeder en u broers soek U daarbuite.

<sup>33</sup> En Hy antwoord hulle en sê: Wie is my moeder of my broers?

<sup>34</sup> En Hy kyk rond na die wat rondom Hom sit, en sê: Dáár is my moeder en my broers!

<sup>35</sup> Want elkeen wat die wil van God doen, dié is my broer en my suster en moeder.

### Broodjies vir die pad

#### vallers

ons  
is grasiouse  
tuimelaars,  
vallers  
met styl –  
die truuk is  
om nie die aarde

heeltmal  
te mis nie  
  
om  
met genoeg  
spoed  
hoogte te kry,  
met spanning  
en gepunte tone  
te kurkdraai,  
en dan te land  
asof niks gebeur het nie

© Jo Prins / 2015



### Die digter as ronkedor

Borde, bekere & eetgerei stapel op  
in die wasbak, wasgoedmandjie volgestop.

Vervaldatare kom en gaan in die yskas,  
die sitkamer sien nooit 'n kuiergas.

Dra van klere opsioneel, onoopgemaak  
hoop briewe & vensterkoeverte op. Gestraak

kontak met medemens, selfs die natuur  
vervang met hoë definisie uur na uur.

Elke boekrak is tjok & blok & ongelese vol  
& onpaar kouse teel aan in 'n bol.

Wasdag breek aan met die laaste skoon  
hemp & onderbroek, ongestopte kouse vertoon

kleiner & groter gate. Met die ys- & koskas leeg  
word hy uitgedryf om tussen rakke te beweeg,  
maar die inkoop loop sonder plan of lys  
& die trollie vul met kitskos & koeveleis.

Macbook, iPad & iPhone versadig elke lus.  
Met webcam & Grindr wat alles opdis,  
ervaar hy selde die gemis wat omgestook  
moet word, of die stank van offerrook.

Maar behoed die siel wat ontydig bel  
as hy verdiep is in sy sepies, of op sy sel

'n ingewing of droomvers intik in die nanag.  
'n Slaaf van sy aptyte beteken: Níks kan wag.

Johann de Lange



### VOORTVLUGTENDE

Kaapstad. Skemeraand. Lughawe. Hoe lank het ek staan en wonder oor hoe ek in só 'n wegvlug-vliegtuig kan kom, waarheen dit my sou neem? Ek is 'n banneling, moet ontsnap van myself, vlug na 'n ander kontinent.

Geruisloos beweeg ek na die Boeing 747. Hy skud sy vere. Ek is 'n verstekeling onder een van die 16 wiele, klouter teen hulle op om in die holte weg te kruip.

Aitsa, so 'n parmantige kolos van 'n enjin, die gebrul toe die passasierstraler opstyg oorverdoewend. Die buik van die groot voël in die lug rammel en skud. Petrol se verstikkende reuke oral, my oë traan. Ek kyk af, ek is op pad!

Terwyl die masjien die swartheid inklim, lugwaarts, kry ek kouer. Onder my skitter die laaste ligte van die metropolis, verdoof soos ons oor Afrika vlieg. 'n Hele vasteland kreun en suis, klein katogies knipoo van onder in die duister.

Bo my, maak 345 mense reg vir aandete en skemerkelkies. 'n Baba huil, 'n ma soen haar kind op die voorkop. Hoe hoër ons vlieg, hoe minder die suurstof, ek bibber.

Geen mens kan dié koue asem van die donkerte so hoog oorleef nie. Daar word bespiegel ek het doodgevries, versmoor, twee ure ná my vertrek.

Terwyl die lompe dier stil oor alles sweef, het ek, 'n verkleumde, ontheemde kadawer, opgekrul gelê in die handpalm van die nag, het ek soos 'n weeskind gewieg, gewieg oor 'n kontinent waar ek sonder naam of liefde deur die duisternis ingesluk is.

*Herman Lategan*

<http://versindaba.co.za/2015/05/24/louis-jansen-van-vuuren-nabyskote-in-woord-en-beeld/>

## Brood vir die pad

### Die mirakel van die olifantman

*Adam Small*

Hoe ouer ek word, hoe meer raak ek bewus van die mooiheid wat die lewe is, of kan wees. Daarom ook wil ek probeer om hierdie skrywe skoon te hou van enige klein-krenterige plaaslike politiek en ander knorrigheid.

Ek is onlangs weer herinner aan die opheffende storie van die Olifant-prewelaar. Die boek waaruit dit ontspruit is The Elephant Whisperer, boeiend en fassinerend. Dis 'n verhaal van ons land, vanuit die kontrei van KwaZulu-Natal, en gaan oor 'n natuurbewaarder, Lawrence Anthony, en sy verhouding met olifante wat in die moeilikheid beland. Betrokke is 'n trop rogue-olifante (eenloperolifante). Ek vertaal dit maar eerder as rakker-olifante. Hulle word deur uitwissing bedreig. Ook en veral omdat hulle deur hul trop, om welke redes ook, verwerp is. Anthony, uit hartstog liever as wysheid, soos hyself gedink het, het hom oor hulle ontferm en homself die taak opgelê om hulle te probeer heel en te laat heraansluit by hul makkers van voorheen. Sy manier was eenvoudig: Hy't hulle met liefde bejeën.

Anthony was 'n man wat die vryheid van diere – alle diere – wou bevorder. Hulle moet wild gelaat word, het hy geglo: “If there is one thing I disapprove of,” skryf hy, “it’s the unnatural capture and taming of wild animals, whether an elephant or a bird. To me, the only good cage is an empty cage”.

Op 'n dag word 'n jong renoster deur 'n jong olifantbul, Mnumzane, Anthony se naam vir hom, bedreig. Anthony en sy helper, David, probeer die renostertjie help. Hulle's in 'n Land Rover, en stuur die voertuig hiernatoe en daarnatoe rondom die jong olifant om hom van die renoster af te sny. Anthony se “tegniek” was: Hy't gefluister, geprewel vir Mnumzane, al singende, saggies, “Mnumzane, nee”, terwyl die olifant storm. Maar die olifant was binne hoorafstand, en

– wonderbaarlik – blaas hy die aftog op die klank van Anthony se stem!

David, heeltemal gestres deur die affêre, het net gesê “Hel!”, met 'n koue klammigheid wat op hom uitslaan – ondanks die hitte van die subtropiese dag.

Van toe of het Anthony geweet hoe om met die olifante, jonk of volgroeid, te verkeer wanneer hulle moeilik geraak het met ander diere, of mense, of mede-olifante.

Hy het sy gefluister tot 'n bedrewe kuns ontwikkel. Veral het hy olifante wat deur siekte in harde norsheid verval het, probeer help.

Die uitkoms – 'n soort wonderwerk – was dat die groot diere Anthony se manier met hulle as tegemoetkomendheid begin ervaar en verstaan het, as liefde vir hulle.

Dis dinge hierdie wat ons nie rasideel onder die knie kan kry nie. In elk geval, dit het alles, net so, kort gelede afgespeel, hier om die eeuwending: 1999 en daarna. Anthony se ontroerende verslag oor dit alles het in 2009 verskyn. My vrou, Rosalie, het my aandag op die storie gevestig waarna ek, om my van die feitlikheid daarvan (want dit was só ongeloofbaar) te oortuig, die boek van oorsee bekom het – tot groot sielsverryking vir my. Ek het gaan sit en bewoë geskryf. Die volgende is 'n kort uittreksel:

*Lawrence Anthony,  
jy het die olifante liefgehad  
en hulle jou*

*– van die kleintjies af  
tot die gevaarlike groot bulle.  
Hulle het (hóé weet ons nie)  
na jou stem geluister  
wanneer jy hulle berispe het  
met jou geprewel:*

*Hul slurpe dan in die lug gegooi  
en voor jou fluistering uit, gevlug ...*

Maar Anthony het ouer geword en begin kwyn. Toe is hy dood. In KwaZulu-Natal, in Maart 2012.

Die olifante met wie hy omgegaan het, was versprei oor die Thula Thula-reservaat heen. Hoe hulle van sy dood te hore en te wete gekom het, weet nugter: Het hulle dit net aangevoel? Die feit is – en dis die raaiselagtige betekenis en die les van hierdie verhaal: Die wildbewaarder Lawrence Anthony het binne 'n kring van mirakelagtigheid geleef, iets wat hy self nie verstaan het nie – net so min as die olifante.

In die trant van die idee van wonderwerke: Toe hy sterf, het hulle oor hom kom rou. 'n Hele trop het met hul swaar liggame, stap vir gewigtige stap, gekom, na waar hy nog in sy sterwenskamer gelê het voordat sy liggaam verwyder is. Daar het hulle halt geroep, en die huis omring, en ook voor sy kamervenster kom staan, hul groot ore hangend. Bewegingloos en rouend, en gehuil – twee dae lank.

Toe het hulle weer in 'n ry geval, stadig, en eensaam die lang stowwerige pad teruggevat.

■ Prof. Small is digter en Hertzogpryswenner.

<http://www.netwerk24.com/stemme/2015-05-30-die-mirakel-van-die-olifantman>